# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

4/2026 (Skippertjie nr. 54) 6 Februarie 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds vir 2026
2. Atletiek
3. Personeelsake
4. D6-toepassing
5. Klub 100
6. Krieket vs George-Suid
7. Lojaliteitsprogramme
8. Personeelverjaardae
9. Valentynsdag
10. Save Our Souls (SOS)

***"Never speak from a place of hate, jealousy, anger or insecurity. Evaluate your words before you let them leave your lips."***

**Afrikaanse idioom van die week**

**'n Eier oor alles lê:**
Altyd iets oor alles te sê hê.

**2026 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Respek (2):** Ons is steeds besig met ons waarde van respek. Ek wil weer beklemtoon dat respek sekerlik dié belangrikste waarde is vir die instandhouding van 'n goeie waardestelsel. U ken al die ou sêding: Kinders doen wat hulle sien grootmense doen, nie noodwendig wat hulle vertel word om te doen nie. Wat sien jou kind elke dag wanneer hy/sy jou met ander mense sien praat? Sien hulle omgee en respek of sien hulle dalk afkeur en disrespek? Daar is 'n paar sake waaraan ons kan aandag gee wanneer ons met mense praat. Eerstens moet ons nie afpraat op mense nie. Dit gebeur soms wanneer ons met mense praat wie ons dink ondergeskik aan ons is. Baie keer praat mense "beter" met die wat hulle hoër ag. Tweedens moet ons nie beterweterig wees wanneer ons met mense praat nie. U ken hulle: gewoonlik is dit mense wat nie eers al die feite van 'n saak het nie, maar dink hulle weet meer as ander mense. Derdens moet ons ons woorde tel. Praat net as dit nodig is, nie maar sommer omdat jy altyd iets terug te sê het nie en som die situasie op. Jy hoef nie altyd oor alles 'n eier lê nie. En laastens, let op na die toon van jou stem. Dit bepaal die sukses van 'n gesprek en wys of jy respek vir iemand het of nie. So, wanneer jy weer met enige iemand oor iets praat, maak 'n punt daarvan om te let op hoe jy dit doen. Ons kan die goue reël van respek dan seker so aanpas: *Praat met ander soos wat jy wil hê hulle moet met jou praat*. Mooi naweek en sterkte vir volgende week.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

VAT VLAM VAT VLAM VAT VLAM

**1. Skoolfonds vir 2026**

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



Ouers wat aansoek wil doen vir skoolfondskwytskelding of -verligting kan die nodige dokumente by die finansiële kantoor afhaal. **Alle aansoeke moet teen 13 Februarie, tesame met die stawende dokumente, by die skool ingedien word.** Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening.

**2. Atletiek**

Atlete het goed gevaar tydens die Seksie B-byeenkoms en die volgende plekke behaal:

- 1ste plekke: 36
- 2de plekke: 36
- 3de plekke: 26
- 4de plekke: 20

100% Parkies

Die Mosselbaai-streekbyeenkoms vind op Saterdag, 14 Februarie plaas. Sterkte aan die atlete wat deelneem.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai

Posbus 96, Mosselbaai, 6500

Tel: 044 691 1020/1

Epos: navrae@lspark.co.za

www.laerskoolpark.co.za


### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 9 Feb: Krieket: o/11A+B & o/13A+B vs Wesbank

Di, 10 Feb: Atletiek: PSG byeenkoms (Hartenbos)

Wo, 11 Feb: Krieket: o/13B vs St.Blaize

Do, 12 Feb: Valentynsokkie (Gr. 6 & 7)
Valentynsdag gewone klere

Vr, 13 Feb: Swem: Glenwood House gala
Landsdiens-streekkamp

Sa, 14 Feb: Atletiek: Mosselbaai-streek
Skaak: Sao Bras
Landsdiens-streekkamp






### NUWE BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Personeelsake**

Baie geluk aan mnr. Daniël Jacobs en sy vrou, Tarien met die geboorte van hul eersteling, Marius. Ons is saam met hulle bly en dankbaar.

**4. D6-toepassing**

Alle kommunikasie by die skool geskied deur die *D6*-kommunikasiestelsel (blou toepassing). Ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. Indien u nog nie die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* afgelaai het nie, versoek ons dat u dit asb. so spoedig moontlik sal doen sodat u op hoogte van sake kan bly.

**5. Klub 100**

Klub 100 is 'n organisasie wat losstaan van die skool en daarop fokus om fondse ten bate van die skool in te samel deur bv. geleenthede soos die Manne-aand, Damesoggend, Mandjiedans, ensovoorts aan te bied. Ouers kan 'n bydrae maak en deel raak van Klub 100 deur 'n lid te word. Klublede betaal R100-00 per maand om lid van die klub te wees. Die doel van Klub 100 is om sportaktiwiteite by Laerskool Park te bevorder en te verseker dat leerders ondersteuning kry deur blootstelling aan kwaliteit afrigting en geleenthede. U kan aansoek doen om deel van Klub 100 te word deur die aansoekvorm op die skool se webtuiste onder die skakel "Sport" af te laai, dit te voltooi en terug te stuur na die skoolkantoor.

NB!

**6. Krieket vs George-Suid**

Die uitslae van die week se wedstryde was as volg:

- o/11A verloor met 10 paaltjies
- o/13A verloor met 12 lopies (Avaro Potgieter 36 lopies; Dawid Cilliers 20 lopies)

**7. Lojaliteitsprogramme**

Ons is baie dankbaar vir alle besighede en instansies wat die skool ondersteun. *Astron Energy D'Almeida* en *Kwanonqaba Apteek* is twee van hierdie besighede wat ook lojaliteitsprogramme geloods het waarby die skool voordeel trek wanneer u van hul dienste gebruik maak. Ondersteun hulle gerus en maak so 'n bydrae tot die skool.

**8. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 10 Februarie: Kosie Joseph
- 11 Februarie: Anita Smit en Hennie Otto



**9. Valentynsdag**

Valentynsdag val hierdie jaar op 'n Saterdag. Leerders mag volgende Donderdag, 12 Februarie gewone klere aantrek om Valentynsdag te vier. Onthou dat gepaste kleredrag in valentynskleure (wit, pienk, rooi, ens.) gedra moet word. **Vir die voorreg om gewone klere te mag aantrek, versoek ons 'n vrywillige donasie van R5 of meer per leerder. Die opbrengs sal aan die Droogtehulpfonds geskenk word.** Daar sal ook verkope van verskillende eetgoed en produkte op 11 en 12 Februarie plaasvind. Leerders kan 'n geldjie saambring daarvoor. Dieselfde aand vind die Valentynsokkie vir ons graad 6 en 7-leerders in die saal plaas.

**10. Save Our Souls (SOS)**

Ons is opgewonde dat *Save our Souls (SOS)* weer 'n aanvang gaan neem. Dit word losweg gebasseer op die ou CSV. Elke Vrydagoggend 07:00-07:25 kom ons in die saal bymekaar om saam te sing en 'n geestelike boodskap te ontvang.

**NB: Nuwe bankbesonderhede**






# Valentynsvieringe

Geskenkpakkie: R10-lootjies te koop by leiers
(Kontant)
Geskenke te koop: 11 - 12 Februarie
Gedurende pouses
(Kontant)
Graad 6- en 7-sokkie: 12 Februarie 18:00 - 20:00
R50 sluit in toegang en kospakkie
(Kontant of D6)


BRAAIHOUT
Mosselbaai
BRAAIHOUT MOSSELBAAI
EST
2014
NOU BRAAI ONS
Jou NR.1 STOP vir kwaliteit vuurmaakhout !
Spidergum hout
!!!60% BETER AS ROOIPITJIE EN 80% BETER AS WATTLE!!!
Bakkievrag van 16 streepsakke vir slegs R1440
DROË HOUT GEWAARBORG!!
(Ons waarborg jou geld terug)
Beste hout in die BAAI !!
Kontak
Natasha: 084 627 4606
Mosselbaai, Danabaai
Hartenbos, Kleinbrak,
Grootbrak


083 810 3228
Innovation with Expertise!
Follow us!
Delto hedron
SECURING EVERY ASPECT OF YOUR HOME SO YOU CAN SPEND MORE TIME WITH YOUR FAMILY
Here to guide you and ensure that you have all the right systems in place for your home and business
NEW!
IT SUPPORT & INSTALLATIONS
SUPPORT
24Hour Online and Telephonic as well as call out technical service.
SECURITY
Alarms, Security and Motorised Gates and Garage Doors as well as Beams, CCTV and Advanced Thermal Surveylance Systems. Boomgates and Biometric Re ding Installation and Programming
CONSTRUCTION & MAINTENANCE
Residential Building and Renovation Painting, Tiling, Cupboards, Finishing Paving and Irigation Systems
SAFETY
Fire Alarms
LANDSCAPING
Plants, trees, hardscaping such as walkways, walls, and patios. Water features, and lighting

# NIEK HARTEVELD

OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST




KOM VIR 'N OOG TOETS,
KOOP JOU RAAM EN LENSE EN KRY
'N PAAR ENKELVISIE *Sonbrille*

T's & V's Geld

**15 Nov 2025 - Feb 2026**

**044 695 1688**

19 Ryk Tulbach Str, Da Nova, Mosselbaai



# GREAT *TENNIS*

## PER LESSON 2026

**MOSSELBAY**

| | | RATE PER PLAYER |
|---|---|---|
| INDIVIDUAL | 30 MIN | R265 |
| INDIVIDUAL | 45 MIN | R370 |
| INDIVIDUAL | 60 MIN | R510 |
| SEMI PRIVATE | 30 MIN | R160 |
| SEMI PRIVATE | 45 MIN | R230 |
| SEMI PRIVATE | 60 MIN | R290 |
| GROUP (3 players) | 45 MIN | R185 |
| GROUP (4 players) | 30 MIN | R115 |
| GROUP (4 players) | 45 MIN | R165 |
| GROUP (6-8 players) | 45 MIN | R100 |
| PLAYING LESSON | 30 MIN | R230 |
| PLAYING LESSON | 45 MIN | R290 |
| PLAYING LESSON | 60 MIN | R435 |
| SQUAD | 120 MIN | R250 |


Register

**Contact Lizelle**

072 240 8463


GREAT TENNIS



R4K
Rugby Skills For Kids
Elite rugby coaching (individual or group)
for boys 6 to 13 years
• Advance skill development
• Rugby strength and conditioning
• Targeted coaching for specific rugby positions
Weekly / Twice a week (1 h sessions)
More than 14 years experience
Contact:
Jean-Pierre Sims – 079 755 1014
rugbyskillsforkids@gmail.com
Run it!
Kick it!
Pass it!




PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

ASTRON ENERGY
QUARTECH

# D'Almeida Service Station

## LAERSKOOL PARK
LOYALTY CARD PROGRAM

**Points are pointless,**
**CASH IS KING**

## HOW IT WORKS

- Once you have your loyalty card in hand, activating it is effortless.
- Scan the QR code provided on the card to access the sign-up link.
- Enter your basic details and set up your account in moments—no paperwork, no hassle.
- As soon as you're registered, your loyalty card is live, and you can start collecting rewards with every transaction.
- Use your loyalty rewards to make purchases in store or at the pumps.

**Enjoy 10c per litre** cash back on fuel **while your school earns** another 10c per litre.

and

Earn **2.5% cash back** in-store and **we'll match it** with 2.5% for your school.




ASTRON ENERGY
D'ALMEIDA

044 693 1997

13 Mossel Street, D'Almeida, Mossel Bay
(Behind Builder's Home)

# ReACTIVate

RETRO ACTIVITIES AND EATERY

# Book your Experience

**Play Sessions and kids party bookings**

## ACTIVATE
### R3 500

- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Basic decorations
- ✓ Party Packs Included

## ELEVATE
### R4 300

- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Premium decorations
- ✓ Party Packs Included
- ✓ Kids meal & drinks

## DOMINATE
### R5 300

- ✓ 2 hours play time
- ✓ Up to 10 children
- ✓ Supervised play area
- ✓ Deluxe decorations
- ✓ Party Packs Included
- ✓ Kids meal & drinks
- ✓ Birthday cake

MOST POPULAR


**CONTACT NO.**

+27 79 697 2457

**WEBSITE**

www.reactivate-retro.co.za



# PKA 2026

## Park Krieket Akademie

**Inskrywings vir 2026 is nou oop via die QR Kode**

**R350 p/m - een sessie per week**
**R300 p/m indien meer as een kind per gesin**

**Kontak ons:** Juan 082 386 4271 Hennie 083 291 9103